# TOETS JOU PROFIEL

Die kleure is die verskillende temperamente wat bepaal wie jy is en jou gedrag beïnvloed.

Eers is dit nodig om jou eie of primêre temperament vas te stel, sodat jy ingelig is terwyl jy die kleure en skakerings ondersoek.

Gebruik die kleurkodes om jouself te toets.

Merk die blokkies voor die sinne wat uitspel wie en hoe jy is. Jy sal gou agterkom watter kleur jou die beste pas.

# GEWILDE GEEL

"Kom ons doen dit op 'n prettige manier!"

Woordeskat: **Gewilde Geel praat vinnig en met 'n aansteeklike entoesiasme: "*Awesome*, fantasties, *amazing*, *stunning*, *unbelievable*, super!"**

Hulle taal dui ook hulle lewensingesteldheid aan: gerig op die oomblik, pret, nuwe avontuur en totale ervaring.

## EKSTROVERT • PRATER • OPTIMIS

Sien jy jouself in hierdie kleur? Merk die eienskappe wat op jou van toepassing is.

### ☐ Natuurlike begeerte

Om pret te hê

### ☐ Sterkpunte

Vermoë om enige tyd oor enigiets te kan praat
Borrelende persoonlikheid
Optimistiese lewensuitkyk
Goeie sin vir humor
Kan 'n storie vertel
Geniet mense

### ☐ Swakpunte

Ongeorganiseerd en ongedissiplineerd
Sukkel om name of besonderhede te onthou
Oordryf graag
Is selde ernstig oor sake

Hoop dat ander die werk sal doen
Goedgelowig en naïef

## ☐ Emosionele behoeftes

Aandag, liefde, goedkeuring en aanvaarding

## ☐ Word neerslagtig

Wanneer die lewe nie prettig genoeg is nie
As dit voel of niemand jou liefhet nie

## ☐ Vrese

Om ongewild of verveeld te wees
Gestruktureerde roetine
Om boek te hou van uitgawes

## ☐ Hou van mense

Wat luister en lag, vlei en goedkeur

## ☐ Hou nie van hulle nie

Wat kritiseer
Wat nie op jou humor reageer nie

## ☐ Waarde tydens interaksie

Jou kleurvolle kreatiwiteit
Optimistiese lewenshouding
Weier om te ernstig te wees
Opbeur van vriende, kollegas en spanmaats
Fokus op pret

## ☐ Kan verbeter

Raak meer georganiseerd
Leer om tyd dop te hou

| ☐ As leiers |
| --- |
| Maak mense opgewonde |
| Oorreed en inspireer ander |
| Uiters sjarmant en vermaaklik |
| Vergeetagtig en swak om terugvoer te gee |
| **☐ Reaksie op stres** |
| Verlaat die toneel |
| Gaan doen inkopies |
| Vind prettige metgeselle |
| Maak verskonings |
| Blameer ander |
| **Totaal:** __________ |

## Hoe herken jy Gewilde Geel?

Jy herken hulle aan die aanhoudende gebabbel met groot volume en blink oë. Hulle is gretig en gelukkig; gewild in enige geselskap.

# Notas

# RASENDE ROOI

"Ons doen dit op mý manier."

Woordeskat: **Rasende Rooi gebruik kragtige stellings:**
**"Ek het gister saam met my vriend, die CEO gaan uiteet."**
**"Die hoof van ... is my buurman."**
**"Ek en die eienaar van ... speel gereeld saam gholf."**

Hulle taal dui aan dat hulle op die man af praat en nie graag oor hulle gevoelens praat nie, behalwe as hulle kwaad is. Hulle fokus op status en mag en kan maklik vergroot om ander te beïndruk.

**EKSTROVERT • DOENER • OPTIMIS**

Sien jy jouself in hierdie kleur? Merk die stellings wat op jou van toepassing is.

| ☐ Natuurlike begeerte |
|---|
| Om beheer uit te oefen |
| **☐ Sterkpunte** |
| Die vermoë om beheer te neem<br>Vaardigheid vir vinnige en korrekte besluite |
| **☐ Swakpunte** |
| Baasspelerig, dominerend, outokraties<br>Onsensitief en ongeduldig<br>Onwillig om te delegeer<br>Traag om aan ander krediet te gee |

## ☐ Emosionele behoeftes

Ander moet ondergeskik en gehoorsaam wees
Waardering vir prestasies
Krediet vir vermoëns

## ☐ Word neerslagtig

Wanneer dinge buite hulle beheer raak
Wanneer mense nie wil doen wat hulle wil hê nie

## ☐ Vrese

Om beheer te verloor oor enigiets
Om hulle werk te verloor
Om nie bevorder te word nie
Ernstige siekte
Rebelse kind
Huweliksmaat wat nie ondersteunend is nie
Om nuwe ervarings of uitvindings mis te loop

## ☐ Hou van mense

Wat ondersteunend en onderdanig is
Wat deurgaans hulle standpunt insien
Wat vinnige samewerking gee
Wat hulle toelaat om die krediet te neem

## ☐ Hou nie van hulle nie

Wat lui is en lyf wegsteek
Wat nie in hulle werk belangstel nie
Wat pligte ontduik
Wat onafhanklik begin optree
Wat nie lojaal is nie

### ☐ Waarde tydens interaksie

Kan meer in 'n kort tyd regkry as enige ander temperament

### ☐ Kan verbeter

Deur ander ook toe te laat om besluite te neem
Deur te leer om pligte te delegeer
Deur meer geduldig op te tree
Deur nie van almal dieselfde te verwag as van hulleself nie

### ☐ As leiers

Natuurlike leierseienskappe
Sin vir beheer (*hands-on*)
Vinnig om te besef wat sal werk en wat nié
Onwrikbare vertroue in eie vermoëns om te presteer
Geneig om minder aggressiewe mense te oorweldig

### ☐ Reaksie op stres

Oefen sterker beheer uit
Werk harder
Oefen meer
Raak ontslae van die oortreder of kompetisie

**Totaal:** __________

## Hoe herken jy Rasende Rooi?

Vinnige aanslag en onmiddellike gryp na beheer. Selfvertroue, rusteloosheid en oorweldigende optrede. Rasend en aan die gang met die lewe as een groot projek wat al gister moes klaar wees.

# Notas

# GERUSTE GROEN

"Kom ons doen dit op die maklike manier."

**Woordeskat: Geruste Groen gebruik gevoels- en verhoudingswoorde:**
**"Saam, voel, lief, omgee, deel, spanwerk, saamstaan, help, praat dit uit."**

Hulle taal toon dat hulle verhoudingsgerig en gevoelsmense is. Hier is hulle soos Geel, maar praat nie so vinnig en aanhoudend nie. Hulle is familiemense en raak graag betrokke by liefdadigheidsprojekte.

## INTROVERT • WAARNEMER • PESSIMIS

Sien jy jouself in hierdie kleur? Merk die eienskappe wat op jou van toepassing is.

| ☐ Natuurlike begeerte |
|---|
| Vermy konflik<br>Bewaar die vrede |
| **☐ Sterkpunte** |
| Skep balans<br>Gelykmatige geaardheid<br>Droë humor<br>Aangename persoonlikheid |
| **☐ Swakpunte** |
| Kan nie tot 'n besluit kom nie<br>Gebrek aan entoesiasme en energie<br>Diepliggende wil van staal |

## ☐ Emosionele behoeftes

Soek respek
Gevoel van waarde
Vra begrip en emosionele ondersteuning

## ☐ Word neerslagtig

As konfrontasie onvermydelik lyk
As mense nie wil help nie
Wanneer die finale besluit by hulle berus

## ☐ Vrese

Om persoonlike probleme aan te spreek
Om die skuld te moet aanvaar
Om ingrypende veranderings te moet maak

## ☐ Hou van mense

Wat besluite namens hulle kan neem
Wat hulle sterkpunte raaksien
Wat hulle nie ignoreer nie
Wat hulle respekteer

## ☐ Hou nie van hulle nie

Wat dwingend of luidrugtig is
Wat te veel van hulle verwag

## ☐ Waarde tydens interaksie

Uitstekende bemiddelaar tussen strydende partye
Kan probleme objektief oplos

## ☐ Kan verbeter

Doelwitte stel
Selfgemotiveerd raak

Gewillig is om meer te doen
Take vinniger afhandel
Eie probleme so doeltreffend soos ander s'n hanteer

**☐ As leiers**

Bly koel en kalm
Neem nie impulsiewe besluite nie
Is gelief en onskadelik
Skep nie probleme nie
Nie dikwels innoverende idees nie

**☐ Reaksie op stres**

Kruip weg, vermy kontak
Kyk TV
Eet of gaan lê
Onttrek en skakel af

**Totaal:** ___________

## Hoe herken jy Geruste Groen?

Hulle kalm benadering en ontspanne houding (hulle sit en leun graag teen iets) wat hulle en mense om hulle gerus laat voel.

# Notas

# BESLISTE BLOU

"Kom ons doen dit op die régte manier."

**Woordeskat: Blou praat oor navorsing, ontleding of fyner besonderhede:**
**"Ons sal sien; sal probeer; moontlik; gee kans; ek wil verstaan; hoekom sê jy so?"**

Hulle taal toon hulle wil dinge logies uitpluis. Hulle spreek woorde baie mooi en duidelik uit. Hulle brein bly besig deur agter die kap van die byl te probeer kom oor hoekom jy sekere vra vrae of stellings maak.

**INTROVERT • DENKER • PESSIMIS**

Sien jy jouself in hierdie kleur? Merk die eienskappe wat op jou van toepassing is.

| ☐ Natuurlike begeerte |
|---|
| Om dinge op die régte manier te doen |
| **☐ Sterkpunte** |
| Vermoë om te organiseer<br>Langtermyndoelwitte opstel<br>Sien die groter prent<br>Hoë standaarde en ideale<br>Vermoë om fyn te ontleed |
| **☐ Swakpunte** |
| Word maklik neerslagtig<br>Bestee te veel tyd aan voorbereiding |

Fokus te veel op detail
Onthou negatiewe dinge
Wantrou ander mense

## ☐ Emosionele behoeftes

Benodig stabiliteit
Soek ruimte en stilte
Vra sensitiwiteit en ondersteuning

## ☐ Word neerslagtig

Hulle lewe deurmekaar raak
Standaarde nie gehandhaaf word nie
Ander lyk of hulle nie belangstel nie

## ☐ Vrese

Dat mense nie regtig verstaan hoe hulle voel nie
Om ’n fout te maak
Om toegewings by standaarde te maak

## ☐ Hou van mense

Ernstige, intellektuele, diep mense
Mense met wie hulle ’n sinvolle gesprek kan voer

## ☐ Hou nie van hulle nie

Liggewigte, oppervlakkige mense
Mense wat vergeetagtig is of laat kom
Mense wat ongeorganiseerd leef
Mense wat dubbelsinnig praat
Mense wat onvoorspelbaar optree

## ☐ Waarde tydens interaksie

’n Sin vir fyner besonderhede

Liefde vir ontleding
Kan vertrou word om op te volg
Hoë standaarde van werk
Meelewing met dié wat seergekry het

☐ **Kan verbeter**

Hulle nie heeltemal so ernstig oor die lewe is nie
Hulle nie daarop aandring dat almal perfeksioniste moet wees nie

☐ **As leiers**

Goeie organiseerders
Sensitief vir ander se gevoelens
Diep sin vir kreatiwiteit
Dring aan op kwaliteit werk

☐ **Reaksie op stres**

Hulle onttrek
Raak verlore in 'n boek
Word neerslagtig – donker gedagtes
Gee moed op
Ontleed probleme herhaaldelik

**Totaal:** ___________

## Hoe herken jy Besliste Blou?

Ernstige en sensitiewe geaardheid, hoflike benadering, verontskuldigende houding en eksie-perfeksie voorkoms. Hulle is besliste mense.

# Notas